**Minutes of the Annual General Meeting of the Convocation of Stellenbosch University held in the Paul Roos Centre on Thursday, 26 January 2017**

**1. Constituting of the meeting**

1.1 The President, Adv Jan Heunis SC, declared the meeting properly constituted and announced that interpreting services from Afrikaans to English were available. The meeting began at 19:45. The following house rules applied for the duration of the meeting:

- 1.1.1 The Statute of Stellenbosch University (SU).
- 1.1.2 The procedures of the meeting (Council document).
- 1.1.3 The language policy of SU (provisions regarding official meetings).

**2. Opening**

2.1 The Convocation maintained a moment of silence.

2.2 Thought was given especially to Convocation members who had passed away since the last annual general meeting (AGM).

**3. Welcome**

3.1 The President welcomed all attendees, including Convocation members, their spouses, guests and the media.

3.2 The President closed the agenda. No requests had been received 72 hours before the AGM (as determined by the Statute) regarding specific points for discussion or proposals for acceptance on the agenda.

**4. Minutes of the previous AGM (Tuesday, 26 January 2016)**

4.1 The minutes of the previous AGM were deemed as read.

4.2 The minutes were accepted.

**5. Awards to the previous President, Prof C Viljoen, and the Rector, Prof W de Villiers**

5.1 The Vice-President, Adv Jacques du Preez, and additional member Dr Sonja Loots presented Prof Viljoen and Prof De Villiers with gifts.

5.2 Prof Viljoen's address is available on YouTube at https://www.youtube.com/watch?v=SyfhozI6qMA.

**6. Community service award**

6.1 Dr Sonja Loots presented the Convocation's community service award to Ms Fiona van Kerwel for her work with the Words Open Worlds project.

6.2 Adv Du Preez and Dr Loots presented Ms Van Kerwel with a gift.

**7. Address by the Rector**

7.1 The Rector presented an overview of the past year's highlights.

7.2 This address is available on YouTube at https://www.youtube.com/watch?v=Hlxi9aEewME.

**8. Address by the President**

This address is available on YouTube at https://www.youtube.com/watch?v=B6B2Nq5FJ58.

**9. Questions by the members of the Convocation to the Executive Committee of the Convocation and the Rector**

9.1 Questions included those from poet Lina Spies and the previous President, who both expressed their misgivings about SU's new language policy.

9.2 Another member of the Convocation asked why her daughter, an A-student, was excluded because she was white.

9.3 Mr Chris Otto questioned the President on his involvement in the *Gelyke Kanse* (Equal Opportunities) court case against SU's language policy.

9.4 The Rector, however, had already indicated before the meeting that he would not answer questions.

**10. Motions**

10.1 First motion: This motion was submitted by the manager of PEN Afrikaans, Mr Danie Marais. It requested the Convocation's support of the President's participation in the court case, which aims at the setting aside of SU's new language policy. The request was accepted by the greater majority.

10.2 The second motion was submitted late but was admitted by the President: This motion was submitted by JD Blackenberg. It requested continued discussions among the various groups, the Convocation and University management to be debated more widely and more open discussions to be held to enable everyone's views to be heard and not simply those of one group. The request was accepted by the Convocation.

**11. Closing**

11.1 The President thanked the meeting and the ballot committee for its assistance with the election processes.

11.2 The President declared the meeting closed. The meeting adjourned at 22:00.

ALUMNI
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

**Notule van die Konvokasie Jaarvergadering gehou op**

**Donderdag, 26 Januarie 2017, in die Paul Roos-sentrum**

**1. Konstituering**

1.1 Die President, adv Jan Heunis SC, verklaar die vergadering as behoorlik gekonstitueer en kondig af dat tolkdienste (Afrikaans na Engels) beskikbaar is. Die vergadering begin om 19:45. Die volgende huisreëls geld vir die verloop van die vergadering:

1.1.1 Die Statuut van die US.

1.1.2 Die vergaderingprosedures (Raadsdokument).

1.1.3 US Taalbeleid (bepalings mbt amptelike vergaderings).

**2. Opening**

2.1 Die Konvokasie handhaaf 'n oomblik van stilte.

2.2 Daar word spesiaal gedink aan Konvokasielede wat sedert die laaste jaarvergadering van die Konvokasie oorlede is.

**3. Verwelkoming**

3.1 Die President heet alle bywonendes – insluitend Konvokasielede, metgeselle van Konvokasielede, gaste en media – welkom.

3.2 Die President sluit die agenda. Geen versoeke is teen 72 uur voor die jaarvergadering ontvang (soos deur die Statuut bepaal) wat spesifieke punte vir bespreking of voorstelle vir aanvaarding tot die agenda bydra nie.

ALUMNI UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

**4. Notule van die vorige jaarvergadering (Dinsdag, 26 Januarie 2016)**

4.1 Die notule van die vorige jaarvergadering word as gelese beskou.

4.2 Die notule word aanvaar.

**5. Toekenning aan vorige President van die Konvokasie, prof C Viljoen, en Rektor, prof W de Villiers**

5.1 Die Vise-President, adv Jacques du Preez, en addisionele lid, dr Sonja Loots, oorhandig geskenke aan beide prof Viljoen en prof De Villiers.

5.2 Prof Viljoen se toespraak is op YouTube beskikbaar by die volgende skakel https://www.youtube.com/watch?v=SyfhozI6qMA

**6. Gemeenskapsdienstoekenning**

6.1 Dr Sonja Loots oorhandig die Konvokasie se gemeenskapsdienstoekenning aan me Fiona van Kerwel, vir haar werk met die Woorde Open Wêrelde-projek.

6.2 Adv Du Preez en dr Loots oorhandig 'n geskenk aan me Van Kerwel.

**7. Die Rektor se toespraak**

7.1 Die Rektor lewer 'n oorsig oor die afgelope jaar se hoogtepunte.

7.2 Hierdie toespraak is op YouTube beskikbaar by die volgende skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=Hlxi9aEewME

**8. Die President van die Konvokasie se toespraak**

Hierdie toespraak is op YouTube beskikbaar by die volgende skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=B6B2Nq5FJ58

**9. Lede van die Konvokasie kry geleentheid om vrae te stel aan die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie sowel as die Rektor**

9.1 Vrae sluit in digter Lina Spies en die vorige President van die Konvokasie wat beide hul misnoeë oor die nuwe taalbeleid van die US uitspreek.

9.2 'n Ander lid van die Konvokasie wou weet waarom haar dogter, wat 'n A-student is, uitgesluit word net omdat sy wit is.

9.3 Mnr Chris Otto stel vrae aan die President oor sy betrokkenheid by Gelyke Kanse se hofsaak teen die US oor die taalbeleid.

9.4 Die Rektor het egter voor die vergadering reeds aangedui dat hy nie vrae sal beantwoord nie.

**10. Mosies**

10.1 Eerste mosie: Die mosie is deur die bestuurder van PEN Afrikaans, mnr Danie Marais, ingedien. Die mosie vra dat die Konvokasie die President se deelname aan die hofaansoek ondersteun wat die tersydestelling van die US se nuwe taalbeleid ten doel het en is met 'n groot meerderheid aanvaar.

10.2 Tweede mosie word laat ingedien, maar word deur die President van die Konvokasie toegelaat: Die mosie waarin JD Blackenberg vra vir voortgesette gesprekke tussen die verskillende groepe, die Konvokasie en die Universiteitsbesuur om groter debat en oop gesprek toe te laat sodat almal se menings gehoor kan word en nie net dié van een groep nie, word deur die Konvokasie aanvaar.

**11. Afsluiting**

11.1 Die President bedank die vergadering en die stembuskomitee vir hul bystand met die verkiesingsprosesse.

11.2 Die President verklaar die vergadering gesluit. Die vergadering verdaag om 22:00.